**LEES MATTEUS 18:21-35…**

Wie was ‘n amptenaar in daardie tyd – nie slaaf. Bv belasting ingevorder. Bymekaar gekom, vergadering gehou. Hoekom so baie skuld – kon van die belasting se geld terug gehou het. Hoeveel geld – miljoene! Sou hy dit ooit kon terug betaal?…nee. Enigste uitweg…hy en sy vrou en kinders as slawe verkoop. Hy smeek by koning en sê, vers 28. Alhoewel hy en die koning geweet het dat hy in sy lewe nooit die skuld sou kon terugbetaal nie (kommentaar oor die geld). Koning sê, moenie worry – jy is vry. Net soos Jesus vir jou sê jy is vry, so sê hierdie koning vir sy amptenaar dat hy, die amptenaar, vry is.

En dan draai die verhaal skokkend uit: wat gaan maak hierdie selfde amptenaar?? Net toe hy buite kom kry hy ‘n mede-amptenaar wat hom nou weer geld skud. Nog voordat hy enige iets wou hoor, gryp hy hom aan die strot en WURG hom en sê dat hy sy skuld moet betaal. Mede-amptenaar smeek ook, maar geen genade word aan hom bewys nie. Die amptenaar maak eintlik die koning se skuldvrymaking goedkoop deur nie sy mede-amptenaar se skuld af te skryf nie. Mede-amptenaar = diegene wat ander mense nie wil vergewe nie.

Ek dink dit breek die Here se hart om te dink Hy sterf vir al ons sondes, hy is vieslik mishandel en doodgemaak, gaan deur al die lyding, en dit sodat ons verlos kan word van alles wat ons verkeerd doen, EN ten spyte daarvan wil baie van ons nie mekaar vergewe nie. Hy daal so laag om my te vergewe, maar ek wil nie eers iemand anders vergewe wat Hy reeds vergewe het nie. Wie gee my die reg om so hoogmoedig te wees?? Ek het telkens die week gewonder wat Jesus sê as Hy sien jy sukkel so om ander te vergewe; dit nadat Hy vir jou sondes/vir alles wat jy verkeerd gedoen het en nog gaan doen aan die kruis betaal het. Wat sou deur Jesus se kop gaan as Hy aan bg’e gedagte moes dink toe Hy met die kruis op Sy rug stap, angstig, oppad om gekruisig te word. Hy gaan deur al hierdie hel om ons vergewe, maar ons kan nie eers mekaar vergewe nie??…Vir wat het Hy dit dan gedoen? Watse totale verwerping moet Hy nie weereens ervaar as ons hierdie ontsaglike geskenk nie aanvaar nie. Verwerping, verwerping, verwerping.

Om iemand anders te vergewe, is eintlik ‘n geleentheid om soos Jesus te word – om te sterf in jouself, sodat iemand anders kan vry word. Dis om jou eie seer, soos Jesus,

opsy te skuif, en die ander persoon vry te maak omdat jy besef almal maak foute. Ek sê weer, en die keer met meer opgewondenheid, om te vergewe is 'n geleentheid om soos Jesus te word, wow!! Dis 'n geleentheid om Jesus uit te dra…te lééf. Ons kan nie dit misloop nie!!!

Ons mense is darem maar 'n anderste ou spesie: Ek sit en dink die week hoe lekker arrogant ons is. Ons dink ONS het die REG om iemand te vergewe (ek het net nou ook vinnig genoem). Wie gee ons die "reg" om ander nie te vergewe nie – asof ek die een is wat so belangrik is dat ek kan regter speel oor ander se lewens – so asof ek nie ook sondes en swakhede het nie. Die waarheid wat ons bang is om te erken, is dat niemand perfek is nie, dat ek nie perfek is nie.

Wat beteken dit prakties…?? Ek weet ek het dit paar weke terug ook gevra, maar kom ons doen die oefening weer: sê vir die een langs jou wat is jou twee slegste eienskappe. En let wel, jy mag nie vir die persoon langs jou sê wat SY/HAAR slegte eienskappe is nie. Jy moet sê wat JOU slegte eienskappe is. As dit dalk eenmalig iets was wat jy aangevang het (jou vrou verneek het, jou kinders onnodig geslaan het) en skuldig daaroor voel, tel dit ook. Waarmee het jy ander mense al ontsaglik seergemaak? Okay, sê gou vir mekaar. Besef jy dat Jesus jou skoon gemaak het daarvan? Nou, dink aan wat die ander een langs jou gesê het, wat is haar/sy slegte eienskappe? Wat is dit wat hy/sy gedoen het wat jou so afgryslik seergemaak het, dat jy sukkel om dit te vergeet… Besef jy dat Jesus haar/hom ook daarvoor vergewe het? En nie net vir jou vergewe, of die een langs jou nie; maar ook vir ander mense rondom jou. Almal in die kerk. Almal wat sy vergifnis aanneem, ontvang dit.

Nou hoekom wil JY nie vergewe nie? Weet julle hoekom nie…want die mense wat die meeste sukkel om ander te vergewe, is die mense wat die meeste sukkel om te besef dat hulle vergewe is. Kom ek verduidelik verder: Baie van ons wil nie bewustelik erken dat ons foute het nie (ons sê ja, Jesus het gesterf vir my sondes, maar ons dink nie regtig verder daaroor nie, dat dit nog VANDAG van toepassing is nie, vir elke dag se sondes); en as ons te hardkoppig is om te besef dat ons foute het, dan sukkel ons om ander te vergewe, want ons besef nie dat ons vergifnis nodig het nie en NODIG het om vergewe te word nie. Dis eers wanneer 'n mens regtig voel jy het NODIG om vergewe te word, dat jy ander kan begin vergewe. Baie maklik kan hier 'n stukkie hoogmoed

inkruip, want dit beteken eintlik dat ander my vergewensgesindheid moet verdien, omdat ek nooit vir enige iets vergewe hoef te word nie.

Maar die anderkant is ook waar, en dit weet ons sekerlik almal:  baie mense sukkel om ander te vergewe omdat hulle soveel seer in hulleself het en hulself nog vir ‘n klomp goed nie vergewe het nie.  Monika…

Ek lees hierdie week dat onvergewingsgesindheid maagsere en selfs kanker kan veroorsaak.  Ons dink ons “spite” die ander persoon deur haar/hom nie te vergewe nie, maar eintlik “spite” ons onsself en vir God (omdat Hy sy hele lewe gegee het, sodat daar net vergifnis in hierdie wêreld kan wees).

Ons moet onthou:  Ons identiteit lê nie in wie ons NIE is nie – m.a.w. ons identiteit lê nie daarin in alles wat ons verkeerd doen nie; Jesus het dit kom wegvat.  Dis iets wat die koning in sy amptenaar in die verhaal van vanoggend raakgesien het.  Ons identiteit lê in wie ons deur Jesus is.  Efesiërs sê so mooi dat ons nuwe mense is.  Ons identiteit lê daarin om Jesus in mekaar te sien.  Om die stukkie wat Jesus in ons elkeen gesit het te omarm.  Om mekaar as Christene lief te hê, is nie soseer ‘n wet as wat dit ‘n gesindheid is nie..  As ons Christus lewe, géé ons vir ander lewe, help ons ander se lewens “restore”.  As ons Satan lewe, ontneem ons ander van lewe, probeer ons die lewe vir hulle moeilik maak.

Ek wil nie kwaai klink vandag nie.  Ek is bang ek het dalk te kwaai geklink.  Maar ek net hierdie week intens gefrustreerd geraak, want ek het besef op watse vreugde en vrede en vryheid ons uitmis as ons ander nie vergewe nie.  Ek het besef dat ons Christus se doel met ons totaal en al mis.  Ek het besef dat as ons nie kan vergewe nie, ons Christus se kruisdood verwerp – ja, verwerp.  Ek het besef dat as ons sukkel om ander te vergewe, ons dalk in ons eie lewe onsself nog vir ‘n klomp goed nie vergewe het nie.  EN ek het besef dat dit soooo lekker is om te weet, maak nie saak wie almal vir jou/my kwaad is vir wat ek/jy gedoen het nie, ek/jy is klaar deur Jesus vergewe…wat ‘n verligting!!

Ek sms die week vir my pa, ma en sussie om een ding oor vergifnis vir my terug te sms.  Maar ek het hulle gesê dit moet ‘n deurleefde waarheid wees.

My ma se antwoord was:
“To forgive is to set a prisoner free and discover that the prisoner was you.” (Rober Smedes)

En my pa wat sy tese vir sy doktersgraad gedoen het oor vergifnis, kon homself nie beperk tot een gedagte nie:
“Vergifnis is ‘n keuse wat ‘n mens maak – nie om te vergeet nie, want wat gebeur het, is deel van jou storie/verhaal – maar dis ‘n keuse om ‘n proses te ontwikkel waarin ek anders onthou omdat vergifnis vrymaak.”
EN:
“To forgive is the highest, most beautiful form of love. In return, you will receive untold peace and happiness.” (Robert Muller)

En my sussie:
“Sincere forgiveness isn’t colored with expectations that the other person apologize or change. Don’t worry whether or not they finally understand you. Love them and release them. Life feeds back truth to people in its own way and time.” (Sarah Pattison)

Ek sluit af: om te kan vergewe, word nie toegesryf aan die swakkelinge nie, maar juis aan diegene wat sterk is. Jesus – dit lyk soos die swakkeling, maar dis eintlik die sterke. Daar is geen toekoms as daar nie vergewensgesindheid is nie. Sou ook geen toekoms vir ons gewees het as Jesus ons nie vergewe het nie. Mag ons in hierdie week so bewus raak van Jesus se ontsaglike liefde en verstommende vergewensgesindheid, dat ons dAArdeur sal lewe.